Sing vooraf staande: Psalm 118:2 (p. 575)

2 Loof, loof die God van ons verlange, / o almal wat die HERE vrees!
Sing voor die HEER jul lofgesange, / en laat Gods volk nou vrolik wees!
Loof almal saam met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd,
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 150:2 (p. 719)

2 Loof God met basuingeklank! / Gee Hom eer, bewys Hom dank!
Loof Hom met die harp en luit! / Loof Hom met die trom en fluit!
Loof Hom met die blye snare! / Al wat klank het – laat dit hoor,
laat dit opklink uit die koor / van ’n juigend-blye skare!

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***

Vergifnis:

- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 148:5 (p. 712)

5 Laat almal saam die HERE prys: / sy Naam alleen het hoog gerys;
oor aarde en hemel, ver en wyd, / sien ons sy glans en majesteit.
Hy wou die horing vol vermoë, / die glorie van sy volk verhoë:
Sing dan, o volk, met hoog geskal / die lofsang van die groot heelal!

Skriflesing: Efesiërs 2

Teks: Efesiërs 2:10; Kategismus Sondag 32

Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.
(Efesiërs 2:10 AFR1953)

Goeie werke was nog al die eeue deel van die gelowiges se geloofsprobleem omdat hulle nog altyd self hulle saligheid wou bepaal met die dinge wat hulle doen.

- So ’n aanslag is natuurlik so eie aan die duiwel as wat mens dit maar kan kry, want dis presies deel van hoe hy gedink het en waarom en ook hoe hy tot ’n val gekom het.
- In hierdie proses van selfevaluering (oor hoe wonderlik my werke is of nie) is verwaandheid natuurlik ’n belangrike rolspeler, want die mens word – hoe mooi hy dit ook al stel – self god en beskikker oor sy lot as hy sy goeie werke bepalend maak vir sy lewe.

So ’n lewenshouding van self-oorskatting staan in skrille kontras met Romeine 3:10 waar die Heilige Gees Paulus laat skryf dat daar niemand regverdig is nie, selfs nie een nie.

- ’n Entjie verder in dieselfde hoofstuk staan daar geskryf dat die eise van die wet juis so is dat die hele wêreld voor God doemwaardig kan wees.
- Die rede word ook gegee: aangesien daar geen mens uit die werke van die wet voor God regverdig kan word nie.

Nou weet ons dat alles wat die wet sê, hy dit sê vir die wat onder die wet is, sodat elke mond gestop en die hele wêreld voor God doemwaardig kan wees; aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want deur die wet is die kennis van sonde.
(Romeine 3:19, 20 AFR1953).

Om die wet te onderhou en om goeie werke te doen, is presies dieselfde ding. In die gedeelte in die brief aan die gelowiges in Rome sê die Here dus in soveel woorde dat selfs ons beste werke nie goed genoeg is vir die hemel nie.

Hierdie punt van die geloof is dalk dit wat die mees onaanvaarbare geword het in ons tyd.

- Die godsdienste van ons tyd is gerig op die vergoddeliking van die mens.
- In almal van hulle is die dinge wat die mens in hierdie lewe doen, die dinge waarmee hy die selfbeskikker van sy huidige en hiernamaalse lot is.

Die daaglikse lewe werk ook so:

- Elke persoon skop met sy prestasies vir hom ’n plekkie oop in die lewe.
- Daarby het hy regte om selfs te kan eis om die dinge wat hy vir homself wil hê te kan bekom.

Die Fariseërs het hierdie reëls van eeue voor Christus af in die geloof ook toegepas.

- Hulle het geglo dat hulle goeie mense is.
- Omdat hulle so goed lewe, het hulle geglo dat God hulle daarvoor sou moes beloon.
- Sekere van die godsdienste van ons tyd leer dat God gedwing kan word om op te tree volgens die eise wat die mens aan Hom stel.

Is hierdie standpunt dat die Here jou moet beloon vir die dinge wat jy goed doen, volgens Bybel?

- Die teëvraag is natuurlik: Wat moet die Here dan doen met die kere wat jy Hom nie vereer nie, maar inderdaad teen Hom sondig?
- Daar lê ’n bepaalde ongebalanseerdheid in die moderne godsdienste, want hulle maak almal daarop aanspraak dat die Here net moet gee:
    - Hy mag nie straf nie.
    - Hy moet sondes vergewe.
    - Daarby moet Hy ook nog beloon vir goeie werke.

Dit kan tog nie!

- Die feit is dat enige mens minder met die Here Jesus Christus omgaan wanneer hy al hoe meer met homself omgaan.
- Dit kan seker ook nie anders nie, want daar vind by hom ’n verskuiwing van sy vertroue plaas: Sy vertroue in homself vermeerder ten koste van sy vertroue in die Here.

Die Bybel leer ons dat ons deur God en tot God geskape is.

- Prakties beteken dit dat ons al ons gawes van die Here ontvang het sodat ons dit tot sy eer moet aanwend.
- Goeie werke is dus ook gawes wat ons tot eer van die Here moet aanwend en nie met die doel om iets daarmee te bereik nie.

Omdat nie een van ons in staat was om die werkverbond te onderhou nie, het God sy Seun laat lewe sodat Hy die wet kon onderhou.

- Uiteraard het Hy nie nodig gehad om die wet te onderhou nie,
    - want Hy was God wat bo die wet verhef was, en

    - aan die ander kant is dit ook so dat Hy nie onderhouding van die wet nodig gehad het om salig te word nie – omdat Hy God ook was, was Hy volkome salig en sonder smet.

Hy het toe die wet in ons plek onderhou.

- Hy het, nadat Hy die wet onderhou het, ’n tipe dood gaan sterf waar Hy die straf gedra het vir al die kere wanneer ons nie die wet onderhou het nie.
- Nou sit ons in die situasie waar ons salig is omdat die Here Jesus ons salig gemaak het.

Daarom doen ons nou goeie werke – nie om daarmee salig te word nie, maar uit dankbaarheid omdat ons reeds salig is.

- Ons dankbaarheid spruit daaruit voort dat die Here Jesus ons heilig gemaak het omdat Hy ons sondestraf gedra het.
- ’n Dankbaarheidslewe gee ons natuurlik die lus om vir die Here te lewe.
- Daar is net ’n behoefte by ’n ware bekeerde om die pad van gehoorsaamheid aan die Here te volg, tot aan die einde van sy lewe.

So word ons lewe ’n dankgebed.

As ons kyk na die dinge wat in Titus 2:14 geskryf staan, verstaan ons dat ons goeie werke ’n bewys vir die wêreld is dat daar ’n verlossingsband tussen ons en Jesus Christus is.

- Daar staan geskryf dat Jesus Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle ongeregtigheid, en om ons vir Hom as ’n eiendomsvolk te reinig – ’n volk wat ywerig is in goeie werke.
- Goeie werke is dus vir ’n ware gelowige niks anders nie as ’n lofbewys en ’n eerbetoon aan God die Here.
- Ons lewenstyl moet dus ’n behoorlike verkondiging wees van die heiligheid wat by die Here is, en wat ons in ons lewens navolg.

Dit is natuurlik ook so dat goeie werke uit ons geloof voortspruit. Ons moet net hier ook versigtig wees.

- Dit is maklik om te sê ons goeie werke is geloofsvrugte, maar tog het verwaandheid ook hier iets te sê.
    - Daar is baie mense wat goeie werke doen sodat hulle daarmee voor mense die eer kan kry dat hulle so vroom is.
    - Ons moet waak dat ons goeie werke nie dalk ’n kleur daarvan het dat ons onsself daardeur verheerlik nie.

Die Bybel leer ons dat die regte goeie werke soos vrugte is wat deur ’n goeie boom gedra word.

- Dit kom vanself en is nie daarop gemik om ’n teëprestasie tot gevolg te hê nie (Matteus 17:17).
- Dit is waarom daar soveel vryheid straal uit die woorde van Romeine 1:17 – dat die regverdige uit die geloof lewe.

Ons opdrag is om as gelowiges so te lewe dat ons goeie werke ’n prediking is aan die mense wat buite die geloof en buite die kerk staan.

- Hulle moet die beeld van God in ons lewenstyl kan sien, en dan begeer om Hom te leer ken.
- Hulle moet Hom ook wil volg met hulle manier van dinge doen – volgens die voorbeeld wat ons uitstraal.

’n Nagemaakte lewe hou nie enduit nie.

- Iewers kom die valsheid en die swakheid daarvan aan die lig.

- Daarteenoor kan die opregte gelowige se lewe baie en moeilike beproewings deurstaan.

Matteus 7 is mos vir ons ook geskryf waar die Here Jesus sê:

> **Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.**
> (Matteus 7:21 AFR1953)

- Dieselfde gedeelte leer ook dat daar op die oordeelsdag baie mense sal wees wat vir die Here sal vertel wat hulle alles in sy Naam gedoen het.
- Die Here Jesus sê dat hulle selfs sal verklaar dat hulle tekens gedoen het in sy Naam.
- Tog jaag Hy hulle weg, want die lewende band tussen Hom en hierdie mense het nie bestaan nie.

Daar is net een verlossing moontlik: Die verlossing deur die Here Jesus Christus.

- Die enigste manier om jou dank daarvoor te bewys is om te bid, en om van jou hele lewe ’n dankgebed te maak.
- Met ander woorde om goeie werke te doen waarmee jy die Here loof en dank omdat Hy jou klaar verlos het.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 149:1, 2 (p. 715)

1 Sing tot Gods eer met lof en dank / ’n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunstelinge!
Laat Isr’el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!

2 Hul moet sy Naam en roem laat hoor / in feesgesang en sangerskoor, / met harp en trommelslae!
Die HEER ’t sy volk weer guns betoon, / sagmoediges met heil gekroon / uit vrye welbehae.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 15 Augustus 2010